LIMOUSIN NASIONALE VEILING

VEILINGS IS ONDER DIE BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP .

1 Om die veiling te laat voortgaan

1.1 Maksimum van 20 bulle en minimum van 40 vroulike diere moet aangebied word.
1.2 Vir elke bul wat `n teler aanbied moet hy/sy ook `n vroulike dier aanbied.
1.3 Haltermak diere sal voorkeur geniet
1.4 EBV's sal gebruik word vir keuring. Hierdie keuring sal binne 2 weke na sluitingsdatum van inskrywings plaasvind. Daarna sal teler binne 7 dae R1000 inskrywingsfooi per dier vir goedgekeurde diere by die Genootskap inbetaal.
1.5 Reserwe pryse is beperk tot maksimum R40 000 op bulle en R20 000 op vroulike diere.

2 Wanneer veilings onder die vaandel van die Genootskap aangebied word, behels dit die volgende:

2.1 Alle diere wat aangebied word moet, voldoen aan die vereistes soos neergelê in die Standaard van Voortreflikheid.
2.2 Alle diere wat aangebied word en oor die ouderdom van 12 maande is, goedgekeur wees vir aantekening/registrasie by Limousin SA.
2.3 Alle diere wat reeds by die Limousin genootskap aangeteken/geregistreer is, maar nie aan die vereistes voldoen soos neergelê in die konstitusie, mag nie op die veiling aangebied word nie.
2.4 Vroulike diere moet gekalf het teen 40 maande en dat die dragtigheid van diere op die veilings sodanig moet wees dat hulle voldoen aan hierdie vereiste. Vroulike diere met `n TKP en DLG syfer van meer as 500 kan nie aangebied word op die veilings nie. (22.3 van Verordinge)
2.5 Alle kalwers ouer as **6 maande** moet met die kuddekenmerkletter gebrand wees.
2.6 Bulle wat aangebied word, moet ouer as **30 maande** wees.

3 BM & TB TOETSE:

Die KUDDE moet BM negatief getoets wees binne die afgelope 12 maande voor veilingsdatum. Indien langer as 12 maande voor die veilingsdatum, sal alle diere wat op veiling aangebied word, weer getoets moet word.
Die KUDDE moet TB negatief getoets wees binne die afgelope 24 maande voor veilingsdatum. Indien langer as 24 maande voor die veilingsdatum, sal alle diere wat op veiling aangebied word, weer getoets moet word.

4 Bul ouderdom & vrugbaarheid: Die minimum ouderdom wat op veilings aangebied word, is as volg:

- **Skedewasse**: Alle gebruikte bulle sowel as bulle oor 36 maande, moet voor die veilingsdatum oor 3 negatiewe skedewasse beskik. (3 toetse met tussenpose van tenminste 10 dae – 30 dae voor veiling) Indien een positiewe resultaat verkry word moet die bul onderwerp word aan 'n PCR toets.

- **Vrugbaarheid toetse**: Vrugbaarheidsertifikate is slegs geldig as die toets 30 dae of minder voor die veilingsdatum gedoen is. Slegs gestandaardiseerde vorms wat deur die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad uitgereik is, sal aanvaar word.

- **Morfologie toetse**: Morfologie toetse is verpligtend. Die maksimum defekte wat toegelaat word, "minor & major" gekombineerd is 25%. Dit beteken dat 'n minimum van 75% morfologie aanvaar sal word. (hierdie morfologie resultate sal geldig wees tot 2 weke na die veiling)

- **Vrugbaarheidsertifikate**: 7 Dae voor die veilingsdatum moet alle voltooide vrugbaarheidsertifikate aan die Limousin kantoor gefaks of per epos gestuur word. Uitsondering sal gemaak word vir bulle indien nie meer as 10% van die bulle wat nie die vrugbaarheidstoets geslaag het nie, om hertoets te word en hierdie sertifikate die dag voor die veiling by die kantoor ingehandig word.

- Toetse en sertifisering mag slegs gedoen word deur veeartse of persone wat deur die SA Veterinêre Raad gesertifiseer is.

Die Genootskap hou die reg voor om skrotum omvang te hermeet na goeddenke van die aangestelde inspekteur. Die skrotumomvang van bulle moet soos volg wees volgens gewig:
Ouderdom van 24 maande = minimum van 34cm

5 Alle diere, manlik sowel as vroulik sal onderhewig wees aan keuring. Diere wat die keuring nie slaag nie, sal gemerk word en sal onttrek word vanaf die veiling. (kan wel aangebied word as kommersiele diere) Die moet op die laatste 11h00 die dag voor die veiling by die veilings terrein beskikbaar wees vir keuring.

6 Geen Graad bulle mag op 'n veiling aangebied word wat gehou word onder die beskerming van die Genootskap nie.

7 Diere moet ooreenkomstig hul status opgeneem word in die katalogus nl SP diere, dan B diere en dan A diere. Die volgorde kan met kennisgewing verander word.

8 Dragtigheidstoetse: Die dragtigheid van alle vroulike diere op die veiling moet verklaar word. Waar 'n koei of 'n vers as dragtig aangebied word, moet 'n veeartseny sertifikaat voorsien word aan die Limousin kantoor 7 dae voor die veilingsdatum.

9 **Vrywaringsvorm:** Alle verkopers moet die vrywaringsvorm teken en terugstuur aan die Genootskap se kantoor.

10 Die Genootskap ontvang as vergoeding vir hierdie diens 'n bedrag van 1.5 % van die verilingsomset wat jaarliks aangepas kan word deur 'n Raadsbesluit.

11 **Voorwaardes vir veiling:** Die teler moet die voorwaardes wat deur die genootskap uiteengesit is aanvaar en ten volle daarmee saam stem.

12 **Keurings / inspeksies van diere –** Diere moet gekeur word voor die veiling en voldoen aan die rasstandaarde.

13 Die Genootskap waarborg egter nie dat diere wat verkoop aangebied word, nageslag sal teel wat almal goedgekeur en vir aantekening/registrasie by die Genootskap aanvaar sal word nie. `n Veiling onder die Genootskap verseker dus aan die koper dat alle dokumentasie en rekords in orde en beskikbaar is.
Die Limousin Genootskap sal nie verantwoordelik gehou word vir enige probleme wat met die verkoopsdiere ondervind word nadat hul verkoop is of in ontvangs geneem is by die nuwe eienaars nie.
Enige dispute of eise sal geskik word tussen koper en verkoper.

Ek, ……..…….. die ondergetekende, met die nodige outoriteit, aanvaar die reëls as bindend met aansoek.

…….. Datum: ……
Teler / Verkoper

……. Getuie